eKERK
Jesus · sigbaar, voelbaar, verstaanbaar

//NUUS

#001

DERDE KWARTAAL
--
JUNIE TOT AUGUSTUS 2016
--
www.ekerk.org

01 **HIERDIE KWARTAAL**
Hoor wat is op die hart van die ekerk span, en wat klop in ons midde.

02 **NUUTSTE ARTIKELS**
Lees ons mees populêrste artikels van die kwartaal.

03 **NUUS & GEBEURE**
Vind uit oor al die nuutste nuus en gebeure in en om ons gemeenskap.

PROPVOL NUWE DINGE!

NUUTSTE ARTIKELS

Loer binne vir die mees populêre artikels op ons webblad die afgelope drie maande. Hier kan jy dit in druk lees en sommer vir ander mense aangee!

VIDEOS & PREKE

Ons wys ook vir jou die mees gekykte en geluisterde videos en preke wat ons gepubliseer het. Met jou slimfoon kan jy direk van hier af die videos kyk of die preke luister.

EKERK TOERE NUUS

Die nuutste verwikkelinge en terugvoer oor ons oorsese toere en nood prgramme kan jy in hierdie blaadjie vind. Raak betrokke as jy iets sien waarin jy belangstel!

Die nuwe 2016 weergawe van die ekerk webblad is vrygestel, en beloof om jou gunsteling ekerk inhoud nou nog net meer gebruikersvriendelik beskikbaar te stel.

NUWE EKERK WEB BLAD

Die nuwe ekerk webblad is steeds beskikbaar by www.ekerk.org, maar jy sal onmiddelik sien daar is 'n nuwe voorkoms, met nuwe knoppies hier en daar.

Die webblad is so ontwerp om jou toe te laat om op die vinnigste en maklikste manier by jou gunsteling ekerk inhud uit te kom.

Van die tuisblad af kan jy inskryf op die ekerk nuusbriewe, 'n vinnige oorsig kry oor die hoe, waar en wat van ekerk, asook 'n kort opsomming sien van al die nutste inhoud. Van hier af kan jy ook by ons sosiale media kanale gana inloer, of vir ons 'n vinnige boodskappie skryf

Van daar af kan jy binne een kliek by die nuutste artikels, videos, preke of navorsing uitkom.

Soos altyd bly alle inhoud op die ekerk webblad gratis en verniet.

Sien jou daar!

DIT GAAN SLEG OF NIE

deur Stephan Joubert

Een familielid van ons het so ’n snaakse uitdrukking gehad. As ons haar gevra het hoe gaan dit, dan het sy gereeld gesê: “Dit gaan ellendig!” Met geur en kleur kon sy vertel hoe sleg dit met haarself en met die res gaan. Sy is nie die enigste een nie. As ek op Facebook lees wat mense skryf, of na briewe in die koerante kyk en na gesprekke en preke luister, sou ek dink dis nou min of meer klaar met ons almal. Gedurig hoor ek uitdrukkings soos “alles rondom ons val inmekaar;” “so kan dit nie aangaan ne;” of daardie hooplose godsdienstige opmerking: “net gebed kan ons nou nog help” (so asof gebed die laaste uitweg is, en nie ons heel eerste en enigste een nie!). Dan dink ek aan daardie mismoedige familielid van ons. En dan wonder ek of ons geloof in Christus een duit verskil maak aan ons taal, of ons manier van leef? Nee, ons geloof maak ons nie blind of naïef nie. Moord en korrupsie is goor werklikhede in ons land. Maar ons geloof in Christus is nie in kekngs wanneer ons voel asof ons in kekngs is nie! Orals en altyd is Christus ons rots, ons vreugde, ons skuilplek, ons reisgenoot. Ons is nooit alleen nie.

Onlangs vertel iemand my dis onrealisFes om van mense te verwag om vreugde te ken in donker tye soos hierdie. Toe sê ek vir hom hy is reg. Geloof is onrealisties… vanuit menslike perspektief. Maar wanneer Christus jou Syne gemaak het en jy sy Gees se hartklop in jou binneste voel, dan verander alles. Dan dien jy ’n nuwe Heer. Dan hoor jy nuwe musiek. Dan lag jy, al huil en treur jy soms. Om agter Jesus aan te leef, is om sy nuwe pad te beleef. Dis om hoop te ken, daardie hoop wat in Christus Self gesetel is. Dan het ellende tot ’n einde gekom, want Christus is hier!

DALK MOET DOMINEES MEER FOUTE MAAK

deur Ashe Steenbok

Dis einde van die jaar by die skool en dis rapporte tyd! In die ou dae het ons darem die rapporte gekry voor die einde van die kwartaal, maar deesdae kry die kinders hulle rapporte eers na die vakansie. Dis soos om in die middel van die maand by Spur te eet en eers aan die einde van die maand te betaal; die kinders speel eers en daarna volg die pakslae. Wag, hulle kry mos nie meer slae nie-g’n wonder die toekoms lyk so “rooskleurig “vir Suid-Afrika nie!

Terug na daardie skoolrapport; terwyl ek bewerig by my pa staan en wag dat hy my rapport teken, sien ek hoe die “old-Fmer” op verkeerde plek teken. Ek doen niks toe dit gebeur nie. (Dink jy vir een oomblik ek gaan vir my pa seˆ hy teken op verkeerde plek!?) Toe is ek terug skool toe met die verkeerd-getekende rapport. Soos juffrou ons name een vir een uitroep is dit ook my beurt. “Geleerde mense wat op verkeerde plekke teken!” was haar klipharde skerp opmerking toe sy sien wat gebeur het.

Juffrou ‘laaik’ my al lankal nie want pa is die dominee en pa het hulle Mercedes Benz misgekyk! Dalk was dit my pa se grootste probleem. Die rykmense in ons gemeente hou nie daarvan dat die dominee hulle miskyk nie. Hulle verdien darem meer aandag as ander. Dis altyd die sleg van ‘n gemeente; daar’s ryk mense en arm mense. Dalk sou pastore en dominees dit makliker gehad het as almal arm was of as almal ryk was. My pa het altyd geseˆ Jesus het by die armes en die smokkelhuismense gaan sit en gesels; dit was ‘sy crowd’.

Nee, ek dink nie God het iets teen rykmense nie; ons

het rykmense nodig om die ekonomie ook aan die gang te hou. Ek dink dis vir God belangrik wat mense doen en hoe hulle leef as hulle sukses behaal het. My pa het 'n fout gemaak om op verkeerde plek te teken en die juffrou het dit 'gelaaik' om voor almal in die klas te skreeu dominee het 'n fout gemaak. Hoekom is dit vir mense en vir die Rapport lekker as 'n dominee 'n fout maak? Is dit omdat hulle dan nie meer so erg voel oor die foute in hulle eie lewens nie? Of dalk is dit oor die skynheiliges lewens van sommige bedienaars? Ek weet nie; al wat ek weet is dat Jesus ook kwaad geword het in Johannes 2 by die tempel. Ons lees van sy menslikheid hier. Wie weet, dalk moes Jesus ook meer foute gemaak het, dalk moet 'n dominee meer foute maak.. Wat's 'fout met foute'?

BOEK RESENSIE

What Does The Bible Really Teach About Homosexuality?

'n Resensie deur Marius Nel

Die tema van selfdegeslagverhoudings of homoseksualiteit het uiters relevant in die kerk geraak nadat die Algemene Sinode van die Ned Geref Kerk in die tweede helte van 2015 'n besluit daaroor geformuleer het wat opslae gemaak het. Feit is: watter besluit die kerk ook maak, daar sou kriFek daarop wees. Soos dit nou gebeur, is dit veral talle lidmate wat ontevrede is en meen die Sinodebesluit reflekteer nie Skrifgegewens oor die onderwerp nie.

Jou hermeneutiese uitgangspunt bepaal hoe jy die Bybel interpreteer. Hermeneutiek is die wetenskap (of kuns) van hoe 'n mens verstaan. Wat is jou voorveronderstellings wanneer jy 'n teks lees? Watter rol speel die Bybel in jou lewe? Watter gesag ken jy daaraan toe? En lees jy om dit letterlik te verstaan, of om dit as 'n sosiaal-histories bepaalde teks te verstaan?

Waar staan Kevin DeYoung, skrywer van die boek oor homoseksualiteit en die Bybelse gegewens? Hy is 'n predikant van Gereformeerde oortuiging wat 'n konserwatiewe Skrifbeskouing handhaaf en aanvaar dat die Bybel as God se Woord gesag het om vir gelowiges leiding te bied in morele en etiese sake.



Hy ken sy Bybel, maar hy ken ook die debat wat tans woed rondom homoseksualiteit en die kerk se hantering en (nie-) aanvaarding van homoseksuele mense. Daarom bestaan die eerste deel van sy werk oor God se Woord, en hy bespreek in besonderhede Genesis 1-2 oor die skepping van die mens en die instelling van die huwelik, Genesis 19 oor Sodom en Gomorra en verwante tekste, Levitikus 18 en 20 se etiese verbiedinge, en Romeine 1 en 1 Timoteus 1 se verwysing hierna.

En hierna beantwoord hy gewilde besware teen kerke se standpunt wat die uitlewing van homoseksualiteit as sondig uitmaak. Die Bybel praat nie werklik oor homoseksualiteit nie! Dit gaan eintlik om iets anders! Daar was dan nog nie eens so 'n woord soos "homoseksualiteit" in Bybelse tye nie! Hoekom homoseksualiteit uitsonder maar gierigheid en egskeiding as Bybelse verbiedinge ignoreer? Die kerk moet 'n hospitaal vir siek mense wees en nie 'n plek waar mense veroordeel word nie! Die kerk is nie regverdig nie; trouens, die kerk se mense is skynheilig! 'n God van liefde sal nooit iemand in 'n liefdevolle selfdegeslagverhouding veroordeel nie!

Al sulke besware gehoor? Die skrywer doen moeite om reg aan die sprekers te laat geskied maar beoordeel dan op neutrale en liefdevolle wyse hulle argumente.

'n Boek wat die moeite werd is om te lees, al gaan jy nie altyd met al die gevolgtrekkings saamstem nie. Ten minste gaan jy verstaan waaroor die debat gaan, wat dikwels baie tegnies raak.

THINGS AREN'T TOO BAD

by Stephan Joubert

One of our family members has a funny expression she often repeats. When we ask her how she is doing, she frequently responds with “It’s going miserably!” With colourful detail she could tell you how bad it was going with her and everyone around her. What’s so funny about that, you ask? She is not the only one responding like this. When I read on Facebook what people write, scan the letters in newspapers, or listen to conversations and teachings in churches, it often feels like it is near the end for us all. Constantly I hear expressions like “Everything around me is falling apart,” “It can’t keep going on like this” or that helpless religious comment “Only prayer will save us now” (As if prayer is the last resort and not our first and only response unto God!).

I think again of that disheartened family member of ours, and I wonder if our faith in Christ makes even the slightest difference in how we speak, or the way we live? No, our faith does not make us blind or naiëve. Murder and corruption are the dire reality in many places within our country. But our faith in Christ does not fall apart when it

feels like we are falling apart. Always and everywhere Christ is our rock, our joy, our hiding place, our companion. We are never alone.

Recently, someone told me it is unrealistic of me to expect people to experience joy in dark times like these. I told him he is right. Faith is unrealistic...from a human perspective. But when Christ make you His, and you feel His Spirit beating within your heart, then everything changes.

Then you serve a new God.

Then you start hearing new music.

Then you laugh, even when you cry or grieve sometimes.

To live behind Jesus, is to experience a new way. It is to know hope, for that hope that is found in Christ Himself. All the misery surrounding us is seen in a different light, because Christ is here!

#UNLEARN PREJUDICE

by Maxie Kamalski

It was a beautiful Saturday morning and I hit the road early, running from my house on my usual training route towards Muizenberg Beach, and then onto the picturesque St. James walkway hugging the coastline leading to all the way down to Kalk Bay. As I was running, enjoying my podcast fix, I started wondering about all the people I was passing. I found myself greeting some but not others. A few people I passed were also training, while others were walking, fishing, singing along the path, mostly harmless, while still other people seemed homeless, like thugs, invoking immediate suspicion. With each of those snap assessments I was making a host of assumptions about the general stereotype that each kind of person I passed invoked within me.

I made all these assumptions about people without any prior knowledge of who they were, nor even speaking the simplest greeting to them. To be blunt, I was judging them. I concluded that because someone looked a certain way I needed to be more careful because maybe they would try and mug me, while by contrast, this person looked well- kept, and thus must be safe, a friendly greeting directed their way appropriate. Almost without a deliberate decision, my unconscious mind was pre-judging every single person I passed on the path, directly influencing my behaviour toward them.

Our minds are naturally wired this way, making a million snap assumptions primarily designed to maintain our safety and overall well-being. The vast majority of these assumptions happen unconsciously, helping us to function as normal. Can you imagine the deep exhaustion in having to make mindful decisions about every little thing each day? The problem with

these assumptions lies in how we pre-judge people when we ourselves are broken and flawed. We all come from different backgrounds. I am reminded of Stephan Joubert's recent blog, Jesus Is Not Middle Class, where Stephan challenges us to admit that we all have prejudice within us that we need to confine working hard to address with honesty.

I was watching The Daily Show with Trevor Noah the other day and he introduced one of his segments by saying, "If you do not speak privilege..." Immediately struck by this phrase, I thought to myself, “This is the reality for so many: If you are privileged your view on life is very different from someone who is poor.” And here's the kicker: Neither person is more valuable than the other. We all need each other to understand the world and learn to love in a way that Jesus does. He never acted with prejudice, treating all with the same intrinsic value.

God hates when we do wrong, when we hurt others and ourselves, but He sFll loves us the same. Is this attitude not the one we should model our own lives aXer? Hate racism but love the racist? Hate the crime but love the criminal? For this is exactly what God chose in loving me.

In Romans 2:4, Paul so beautifully writes "It is His kindness that lead us to repentance.”

Bringing God's kingdom of heaven to earth will require us to act in kindness and love towards those very same people our prejudices make us want to desperately avoid. And for everyone that journey will be different because our prejudice is different.

So I want to start, admitting that I am prejudiced and that I make false assumptions about people based solely on how they look and speak. My prayer it that the Holy Spirit will help me to unlearn prejudice, teaching me to love in kindness those I feel prejudice towards, good or bad. May we all learn to love like Jesus.

Note: If you would like to admit that you are prejudiced, making false assumptions about people, please use the hashtag #UnlearnPrejudice on Instagram, Facebook, or Twitter.

12 WEKE VAN WYSHEID

AANGEBIED DEUR eKERK

Ons het tydens hierdie drie maande ook ‘n nuwe nuusbrief op die been gebring; 12 Weke van Wysheid. Dit is ‘n dissipelskap reis waar ons elke week ‘n epos stuur en saam reis oor die wysheid. Hier is meer inligting oor hierdie nuusbrief reis...

Dis deesdae amper onmoontlik om te loer wat almal op sosiale netwerke kwytraak sonder om oorweldig te word deur ’n oorvloed eie idees, opinies en uitsprake. Soos wat mense maar is, het die oorwegende meerderheid van hierdie gesprekke te doen met wat ons dink oor poliIek, godsdiens, die ekonomie, en ons voorsienbare toekoms te midde van krisis en onsekerheid. Dis asof hierdie onderwerpe ons so diep tref, dat ons woorde en gedagtes hieroor oorheers word deur diep emosionele taal, en as ek eerlikwaar moet seˆ, in meeste gevalle geniet ons eie subjektiewe perspektief prioriteit bo logiese denke, gesonde oordeel en wysheid.

In hierdie epos reeks wil ons graag weer van voor af dink oor wysheid. Waar bekom mens wysheid? Hoe pas jy wysheid toe? Wat is wys gegewe my unieke situasie en konteks?

In 2016 reis ons saam met ekerk deur die vier hoof areas van ons geestelike bestaan, naamlik:

- om jou lewe te deel met ander mense [gemeenskap]
- om ’n diep oortuiging te heˆ van wie God is [geloof]
- om nuwe dinge te leer en ervaar [groei]
- om ons oortuigings op praktiese manier uit te leef [gedrag]

Saam met jou wil ons op ’n soektog gaan om uit te vind wat ’n lewe van wysheid in elk van hierdie vier areas behels.

Deur die loop van twaalf weke gaan ons elke area sorgvuldig ondersoek, die mites wegblaas, en op ’n eerlike manier deur God se Woord blaai om vir onsself te lees wat Hy ons wil leer.

Sluit by ons aan vir 12 Weke Van Wysheid, en maak seker jy praat die taal en leef die lewe van ’n dissipel wat toenemend Jesus se karakter reflekteer.

GOEIE NUUS EPOS BRIEF

Verder het ons ook ’n Goeie Nuus nuusbrief, geskryf deur Stephan Joubert wat elke week op Maande en Donderdae uitgaan. Ons het ’n My Lewe nuusbrief wat fokus op die balans en uitleef van ons Christenskap deur ons lewe, hetsy die werk, huis of tussen vriende is. Ons het ’n My Weˆreld nuusbrief wat geskryf is deur Roedolf Botha wat ons as gelowiges help om Jesus in ons alledaagse lewe raak te sien. Dan ons laastens ’n Leierskapsnuusbrief, geskryf deur Coen Slabber wat fokus op leierskap en hoe om geestelike leiers te inspireer.

Indien jy enige van die bg nuusbriewe wil ontvang, skandeer hierdie QR kode waar jy kan inteken:

#001 nuutste preke

Die ekerk webblad is propvol preke, video Bybelskole en ander materiaal wat jou kan bystaan en toerus op jou geestelike pad. Hier is van die afgelope paar maande se top stukke inhoud - skandeer die QR kode en kyk sommer van jou foon af!

1 LYDENSPAD - SEUN VAN DIE DONDER

Stephan Joubert het 13 Maart gepreek by Pierre van Ryneveld Gemeenskapskerk waar hy oor Lukas 9 het. Die tema is Lydenspad – Seun van die donder. Luister hom deur hierdie QR kode te skandeer:

2 UPSIDE DOWN KINGDOM

Roedolf Botha het gepreek by Dialoog gemeente oor Lukas 9:43-50 met die titel: Upside down Kingdom. Luister die preek deur hierdie QR kode te skandeer:

3 JESUS STAP NA SY EIE DOOD TOE

Ons derde mees geluisterde preek was Pierre Engelbrecht wat by Valleisig gepreek het oor Jesus wat na Sy eie dood toe stap. Skandeer hierdie QR kode om die preek aanlyn te luister:

4 HOE LEES EK DIE BYBEL? [VIDEO]

Ons nuutste Bybelskool reeks van Stephan Joubert wat gehou was by Moreleta Park se Grow Café. Dit het gehandel oor “Hoe lees ek die Bybel?” Jy kan deel van die reeks hier sien:

5 VERNUWE MY DENKE

Ons het ‘n tweede video reeks gehad wat handel oor “vernuwe my denke”. Kyk gerus na hom hier:

Om die boonste QR kodes te lees met jou slimfoon, moet jy ’n QR leser aflaai op die Apple Store, of Android Market.

Available on the App Store

Android Market